

## Klaagliedere 5:1-22

### Hoe lank nog Here?

#### Inleiding:

- Daar is gedeeltes in die Bybel wat ons vermy.
  - Lang geslagsregisters, al die vreemde offers en reinheidswette in Levitikus.
  - Baie van ons vermy Openbaring, want ons is bang of ons verstaan dalk nie.
- Baie van ons vermy die boek Klaagliedere.
  - Nie noodwendig op grond van die inhoud nie, maar net die naam is al klaar genoeg om ons die skrik op die lyf te jaag.
    - Klaagliedere – Liedere oor klagtes.
- Niemand kan so ongelukkig wees nie.
  - Die evangelie is tog die blye boodskap.
    - Ons kan nie in 'n staat van rou wees en daarmee saam bly wees nie.
      - Hierdie boek is teenstrydig met alles wat die wese is van die evangelie.
- In 2 Timoteus 3:16&17 lees ons dat die hele Bybel deur God geïnspireer is.
  - Klaagliedere is nie 'n uitsondering nie.
    - Die Gees het juis ook in hierdie boek die skrywer gelei sodat God sentraal staan en dat die evangelie ook duidelik hierin na vore kom.
      - Hierdie klaagliedere is nie in kontras met die res van die Bybel nie.
      - Nuwe perspektief word vir elke gelowige gegee wat deur hierdie boek worstel.
  - Saam met die volk Israel besef ons die realiteit van die gebroke wêreld en die gevolg van die sonde.
    - Daarom vra ons ook vanoggend as 'n klaaglied – Hoe lank nog Here?

#### Waar is God?

- Klaagliedere is een van die mooiste stukke poësie wat ons in die Bybel kry.
  - Voor ons by die inhoud kom, gaan ons 'n oomblik stilstaan by die struktuur van die boek.
- Die boeke van die Ou Testament se Hebreeuse name is anders as wat ons dit ken.
  - Meeste van hierdie boeke se name begin met die eerste woorde van die boek.

- Byvoorbeeld Genesis se Hebreuse naam beteken “In die begin”
  - Dit verwys na die eerste woorde van die boek.
- Die boek Eksodus se Hebreuse naam beteken “name”
  - Dit vat ons weereens terug na die eerste woorde van die boek.
- Die boek Klaagliedere se eerste woorde – *Hoe verlate lê die stad* – is dan ook waar die Hebreuse naam vandaan kom – Hoe?
  - En gereeld in hierdie boek word die vrae gevra wat begin met “hoe”?
  - Hierdie boek is ingedeel in 5 gedigte.
    - Een gedig in elke hoofstuk.
    - Hoofstukke 1 en 2 is beide 22 verse lank en is akrostiese psalms.
      - Dit beteken dat die gedig die patroon van die Hebreuse alfabet volg.
      - Die eerste versreël begin met die eerste letter van die alfabet.
      - Die tweede versreël met die tweede letter van die versreël.
        - En so gaan dit aan om die hele psalm so te skryf.
    - Hoofstuk 3 is 66 versreëls lank.
      - Die eerste 3 versreëls begin met die eerste letter van die alfabet.
      - Die tweede 3 met die tweede letter, en so aan.
    - Hoofstuk 4 volg dan dieselfde struktuur as die van hoofstukke 1 en 2.
- Die duidelike verloop, struktuur en orde word so duidelik gemaak nog voordat ons enigsins na die inhoud van hierdie boek gekyk het.
  - So sien ons dat die skrywer van hierdie boek binne die chaos en deurmekaarspul van die ballingskap, steeds iets van orde beleef wanneer daar met die woord van God besig is.
    - Binne hierdie liedboek van klagtes, gekerm en treurnare, is die Here nog sigbaar.
      - In hoofstuk 3:22-23 sien ons dat God se genade deur die skrywer raakgesien word.
        - *“Deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming nie”*
- In hierdie trooswoorde staan ons dikwels stil.
  - Dit is die hoogtepunte wat ons in die Bybel kry.
    - Hoop en troos.
    - Versekering dat alles beter sal gaan.
      - Dit is mos die blye boodskap.
      - Dit is mos goeie nuus.
- Maar in Klaagliedere 5 sien ons iets heeltemal anders.
  - Daar is geen struktuur nie.
    - Ja die hoofstuk is soos die ander ook ‘n samestelling van 22 verse.

- Maar dit is al.
  - Daar is nie rympatrone en alfabetpatrone en ander elemente wat ons in die res van die boek sien nie.
- Dit is asof die skrywer se klagtes en gekerm die oorhand kry.
  - Hy word vasgevang en meegesleur in hierdie tragedie waarbinne Jerusalem homself vind in die ballingskap.
    - Die God van orde, van struktuur het hulle heeltemaal verlaat.
      - Jerusalem is op haar eie.
        - Daar is niemand wat haar bystaan nie.
- Klaagliedere was 'n algemene soort lied in die Ou Testament.
  - Hierdie liedere is dikwels by begrafnisse en ander hartseer geleenthede gesing.
    - Daarom word Jerusalem aan die begin van die boek ook as 'n weduwee beskryf.
      - 'n Hartseer weduwee wat niemand het om haar by te staan nie.
- Juda is vasgevang in die ballingskap.
  - Daar is nie 'n tempel nie.
  - Daar is nie 'n paleis nie.
  - Daar is nie 'n koning nie.
    - En vir die volk wat rondkyk in hierdie hopelose omstandighede kan daar ook nie 'n God wees nie.
      - God is liefdevol en genadig en sal nie sy volk net weggooi en verstoot nie.
      - Waar is God dan as al hierdie slegte dinge met die volk gebeur?

### God vergeet nie

- In hoofstuk 5 word God op 'n besondere manier beskryf.
  - Eienskappe wat God soos 'n mens laat voorkom.
    - Die doel hiervan is nie om God tot 'n mens te verminder nie, maar juis sodat God as 'n persoonlike God duidelik sigbaar word vir die mens.
- Die skrywer begin hierdie hoofstuk as 'n smeekgebed.
  - Hierdie smeking dra by tot die gebrek aan orde in hierdie hoofstuk.
    - Smeking is 'n absolute verklaring van afhanklikheid.
    - Die skrywer roep God om hulle omstandighede raak te sien.
- Here dit gaan sleg!
  - Kyk!
  - Sien raak!
  - Beleef dit!
  - Sien ons ellende!

- Die skrywer gaan dan aan om die omstandighede te verduidelik waarbinne die volk hulleself bevind.
  - Die volk is wees – ouerloos.
    - Daar is niemand wat vir hulle kan sorg nie.
  - Hulle moet betaal vir water en hout.
    - Dit was 'n besondere vreemde gebruik.
    - Dit is nie soos vandag waar jy 'n munisipale rekening kry nie.
      - Jy het gaan water skep en jy het gedrink.
        - Maar nou moet hulle betaal vir die water en betaal vir die hout wat hulle gaan optel om kos te maak.
        - So word dit vir ons duidelik gemaak dat dit ekonomies sleg gaan met die volk.
          - Hulle werk en hulle werk maar daar is nie rus nie.
            - Die ouer vertaling sê hulle is afgemat.
              - Totaal en al uitgeput.
              - Geen rus nie.
              - Geen herstel nie.
  - Tog het die volk nie net agteroor gesit nie.
    - Hulle het pogings aangewend om uit hulle omstandighede te kom.
      - Hulle het die hand uitgesteek na Egipte en Assirië.
        - Hier verwys dit na die verdrag wat Israel vroeër met hierdie volke gesluit het.
        - Hos. 7:11 herinner ons ook dat hierdie deel is van die rede waarom die volk in ballingskap weggevoer is.
          - Deur die hand uit te steek na die ander volke, sê die volk self – Here ons kan nie op u vertrou nie.
          - Ons glo nie u beloftes nie.
            - Ons gaan maar op mense vertrou.
        - Die skrywer is egter nie blind vir sonde nie.
          - Hy erken in vers 7 dat hulle vaders gesondig het.
          - Maar weereens word die onkunde so duidelik gemaak.
            - Hy erken nie sy eie sonde nie.
              - Die mense in die ballingskap is nie onskuldige slagoffers wat nou die gevolge dra omdat ander mense gesondig het nie.
            - Maar daarmee saam word die gevolge van sonde wel uitgelig.
              - God reken die sondes van die vaders ook aan die kinders toe soos Hy in die wet van Moses belowe.

- Verder sien ons dan hoe die hele struktuur van die samelewing onderstebo gekeer word.
  - Slawe heers, vroue word onteer, gesiene mense word aan hulle hande opgehang.
    - So sien ons dat daar geen reg en geregtigheid sigbaar is in hierdie land nie.
    - Jongmanne wat veronderstel was om die soldate te wees en om oorlog te voer, doen nou die werk van ou vrouens deur graan te maal op die meulstene.
- So sien ons dat niemand die lyding gespaar is in die ballingskap nie.
  - Ongeag ouderdom, geslag of sosiale stand - niemand het die boosheid van die ballingskap vrygespring nie.
    - Die skrywer wys al hierdie bekommernisse uit aan die Here in hierdie klaaglied.
      - Biddend kerm hy tot God om al hierdie dinge vir Hom uit te wys.
      - Sionsberg lê vernietig.
        - Dis asof die skrywer op God se gevoel wil speel.
          - Hierdie berg wat die toonbeeld is van God se stad wat Hy vir hom gekies het, lê verwoes, verlate en verlore.
  - Jerusalem, die weduwee, lê nou as puinhoop – ‘n teken van God se straf en oordeel oor sy volk.
  - Maar God weet al hierdie dinge.
    - Hy vergeet dit nie.
    - Hy het nie sy rug op die volk gedraai nie.
    - Hy sien dit alles raak.
      - God verander nie.
  - Jerusalem lyk dalk anders, die volk is nie meer in Juda nie, die tempel is verwoes en daar sit nie meer ‘n koning in die paleis nie.
    - Maar God is steeds dieselfde.
      - Hy sit steeds op die troon.
      - Sy regering is tydloos en plekloos.
    - Daar is nêrens ‘n plek waar God se heerskappy nie is nie.
      - Dit sluit die verlate Jerusalem in.
      - Dit sluit die wettelose genadelose Babel in.
  - Omdat die digter hierdie dinge besef – vra die skrywer of God hulle sal verlaat?
    - God se straf en oordeel kan nie losgemaak word van sy liefde en genade nie.
      - Wanneer ons dit probeer doen verander ons God na iets toe wat Hy nie is nie.

- As ons nie God se straf in dieselfde asem as sy liefde voeg nie, is ons besig om vir onself 'n valse God te skep.
    - Presies dit wat die volk gedoen het in ooploop tot die ballingskap.
- Binne hierdie klaaglied word dit dan juis bevestig wie God is.
  - Hy is die Verbondsgod.
  - Hy is regverdig.
  - Hy straf die sonde.
  - Hy sorg vir sy volk.
  - Hy is die een wat uitkoms gee.
  - Hy is die een wat harte verander.
    - Daarom sien ons die genade van die Here wanneer die skrywer bid – *Bekeer ons tot U, Here, dan sal ons bekeer.*
    - Dan besef ons hier dat dit nie die eie menslike goedheid is wat ons laat bekeer nie.
      - Net God kan deur die Gees werklik die harte van mense verander om te kan verstaan wie God is, sodat daar ware berou kan wees.
      - Die gevolg van hierdie bekering is dat daar herstel sal wees, soos dit was.
- En hoe kosbaar en troosryk sal dit nie wees as die klaaglied en boek hier klaar is nie?
  - Maar dit is nie die geval nie.
- Die skrywer erken God se almag dat Hy self kan besluit wat Hy met sy volk wil doen.
  - Hy kan sy volk heeltemal verwerp.
  - Hy kan so toornig raak dat Hy sy volk wegvee van die gesig van die aarde af.
    - So sien ons dat hierdie boek eindig volkome op God gerig.
      - Hy is die fokuspunt.
      - Hierdie klaagliedere is tot God gerig tot sy eer.
        - Die fokus is nie die klagtes en gekerm van die mens nie, maar die eer en almag van God.

### **Sing jou klaaglied tot God se eer**

- Dit is maklik om te sê dit gaan goed dankie.
  - Ons sit die maskertjie op dat dit goed gaan.
    - Ek het nie bekommernisse nie.
    - Die Here sorg vir my.
- Maar die realiteit is dat baie van die gelowiges vanoggend hier sê dit gaan goed, maar hulle harte roep 'n klaaglied uit.

- Hoe lank nog Here!
- Hoe lank nog moet ek in hierdie ongesonde verhouding sit?
- Hoe lank nog moet ek werkloos wees en sukkel om vir my kinders kos op die tafel te sit?
- Hoe lank nog moet ek worstel met hierdie drank of pornografie verslawing?
- Hoe lank nog moet hierdie swak gesondheid die oorhand oor my hê?
- Hoe lank nog moet hierdie swaard dat ek my werk gaan verloor oor my kop hang?
- Hoe lank nog Here?
- Waar lê die Goeie Nuus in “hoe lank nog Here?”
  - Die Here hoor.
  - Die Here sien.
  - Die Here ken jou swaarkry.
    - Gaan die Here dit net skielik wegvat en dan is alles weer 'okay ' of soos dit was voor die tyd in die goeie ou dae?
      - In alle waarskynlikheid nee.
- As ons kyk na hoe die syfers van die Gereformeerde kerke krimp, waarvan ons deel is, dan sien ons dat dit sleg gaan.
  - Ons word minder.
    - Finansiële dra ons die gevolge van ‘n kerk en ‘n gemeente wat kleiner word.
  - As ons in die wêreld kyk dan lyk dit of die stem van die Goeie Nuus net stiller en stiller word.
    - Ongeregtigheid seëvier.
    - Korrupsie het die oorhand.
      - Dan blameer ons die verlede.
  - Maar geliefdes ons is nie onskuldig nie.
    - Ons sondig ook.
      - Jy kan niemand blameer dat jy vandag in die situasie is waar jy is nie.
      - Maar jy kan jou klaaglied sing.
- Jy kan sing dat die Here jou hart bekeer.
  - Jy kan sing dat God jou hart sal verander dat jy werklik sal breek met die sonde waarmee jy so worstel.
  - Jy kan sing dat God jou hart sal verander dat jou gesindheid reg sal wees.
  - Jy kan sing dat God jou hart sal verander om werklik ‘n liefde vir sy Woord te hê en so as gesin saam in die geloof te groei.
    - Moenie ontken dat jy worstel nie.
    - Maak dit vir God bekend.
      - Hy weet dit in elk geval.

## Slot:

- Ons kla graag.
  - Oor dienslewering, oor politiek, oor sport.
- Maar kla ons op die regte plekke?
  - Ons raak so vasgevang in ons eie opstandighede dat ons onderlangs mompel oor ons bekommernisse, in plaas daarvan om ons klaagliedere te sing tot eer van God.
    - Wanneer ons met 'n eerlike hart voor God staan en ons harte oopmaak dat ons sukkel en worstel en swaarkry en nie self regkom nie, dan begin ons besef waarom die Goeie Nuus gaan.
  - Hierdie swaarkry is nie permanent nie.
    - Daar wag 'n wonderlike heerlijkheid in die lewe hierna waar daar niks gaan wees om oor te kla nie.
      - Dan word 'n Klaaglied 'n trooslied en 'n loflied.
- Die Here gaan 'n einde maak aan die moeilikheid en die swaarkry.
  - In Openbaring 6:9-10 sien ons die wonderlike troos wat die antwoord op 'n klaaglied is.
    - *“En toe Hy die vyfde seël oopgemaak het, sien ek onder die altaar die siele van die wat gedood is ter wille van die Woord van God en die getuienis wat hulle gehad het. En hulle het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser, oordeel en wreek U nie ons bloed op die bewoners van die aarde nie?”*
  - Geliefdes, Christus het vir ons die oorwinning behaal.
    - Hy het vir jou met jou seer en swaarkry die oorwinning behaal.
    - Deur sy oorwinning het hy 'n einde gemaak aan al die ellende deurdat ons die ewige lewe kan ingaan sonder swaarkry.
  - Die Goeie Nuus is die feesviering dat Christus die oorwinning behaal het.
    - Vir elkeen wat biddend vra 'Here hoe lank nog', is die oorwinning soveel soeter wanneer ons besef – Die Here hoor my.